
BEWAAR dit wat kosbaar is



Wanneer kosbare "oudhede" gevaar loop om vernietig of gesloop te word, gaan die gevaarligte aan vir Wilfred Mole, eienaar van Sandstone Estate naby Ficksburg. Daarom het hy landwyd "agente" wat vir hom dophou en hom in kennis stel sodat 'n ou lokomotief, treinspore en wissels, ou meulens, trekkers en verskeie ander artikels van sloping gered kan word.


Op Sandstone Estate is kilometers spore vir smalspoor-treine, 'n hele aantal lokomotiewe en treinwaens, trekkers en vele meer wat baie noukeurig gerestoureer en in werkende toestand is. Dit is soos om 'n paar treë terug in die geskiedenis te gee om die plaas te besoek. OVK Nuus was bevoorreg om 'n dag op die plaas deur te bring. Die foto's gee 'n beeld van wat te sien was.


4


5


6


7


8

1 en 8) *'n Klas NGG16 met verskillende passasierswaens neem trein-liefhebbers op die roete oor die plaas.*

2) *'n Deel van Sandstone Estate se bewaring van die geskiedenis is 'n Afrikaner-stoet, waarvan diere ingespan word.*

3) *Hierdie pragtig gerestoureerde International Harvester-bakkie van 1953 is a R110-model.*

4) *Van stokoud tot modern. 'n Emerson Brantingham Big 4-30 van 1913 ploeg saam met Oubaas, 'n Aco-trekker wat in Hoopstad gebou is en 'n John Deere 9400.*

5) *Van Kimberley af het hierdie Fowler B5-padlokomotief gekom. Hierdie gespierde werkesel het altesaam 13 sleepwaens gelyktydig gesleep.*

6) *'n Stoomaangedrewe vragmotor wat nog vir werk ingespan kan word, is hierdie Sentinal S4 wat in 1934 gebou is.*

7) *Die Emerson Brantingham Big 4-30 van 1913 in aksie.*

Hooffoto en onder) *Met 'n klas NG15 voor aan trek vyf Garratt-lokomotiewe hul swaar vrag deur die pragtige natuurskoon van die Oos-Vrystaat.*

